# „RYPHEID" EN BELYDENISAFLEGGING VAN DIE GELOOF

## 1. Die huidige situasie en probleem

Net die blote feit dat hierdie tema op die sakelys van 'n predikantekonferensie voorkom, dui daarop dat daar bedenkinge bestaan teen die huidige situasie. Die teenswoordige situasie kom daarop neer, dat verbondskinders, dooplidmate van die Geref. Kerk, gewoonlik op 16- of 17-jarige ouderdom belydenis van die geloof aflê.

Predikante kla allerweë dat die kinders op hierdie ouderdom nie heeltemal die konsekwensies van belydenisaflegging besef nie, dat hulle nie voldoende begrip van die Godsopenbaring toon nie, dat hulle nie by magte is om die hoofsom van die Gereformeerde leer te verstaan en weer te gee nie. Verder skyn dit allerweë of die jong belydende lidmate dikwels kort na belydenisaflegging die binding met die kerk kwytraak en geen belangstelling vir kerklike aktiwiteite toon nie en moeilik tot meelewendheid met die kerk beweeg kan word.

Ouers kla ook dikwels dat die jeug in hierdie tyd onverskillig teenoor, indien nie opstandig, teen geykte gebruike, konvensies, belydenisskrifte, Bybel en kerk is.

Die vraag ontstaan dus onwillekeurig of die jongmens werklik ernstig was met sy geloofsbelydenis. Die probleem wat hom aan ons opdring is dus: Is ons kinders nie te jonk by belydenisaflegging nie? Is hulle in staat om op die gebruiklike ouderdom so 'n verantwoordelike beslissing te neem of daad te verrig? Voordat ons op die meriete van hierdie vraag ingaan, moet ons eers let op die faktore wat oorsaak is van die hedendaagse gebruik.

## 2. Faktore wat tot die huidige gebruik aanleiding gegee het

Vergelyk ons die huidige gebruik in Suid-Afrika met die posisie in ons vernaamste stamland, Nederland, tref die volgende: In Nederland is die gebruik om die aflegging van belydenis na die 18e verjaarsdag te laat plaasvind. Vooraanstaande Nederlandse opvoedkundiges, soos wyle prof. Waterink, 'n kenner van die adolessent, ondersteun hierdie gebruik baie sterk. In Suid-Afrika vind die aflegging van geloofsbelydenis gewoonlik twee tot drie jaar vroeër plaas.

Die vraag ontstaan: Waar het die gebruik in Suid-Afrika sy ontstaan? Dit is duidelik dat die historiese agtergrond van ons volk hier 'n belangrike rol gespeel het. Bespreking van die rol van die historiese hierin noop ons om eers 'n paar gedagtes oor die begrip volwassenheid te formuleer. Wanneer is 'n mens volwasse? In die volste en diepste sin van die woord is die mens dit eintlik nooit, maar in die gewone sin van die woord word met volwassenheid gewoonlik bedoel die in staat wees om selfstandige beslissings te neem. En nou impliseer dit terselfdertyd dat die volwassene by magte is om sonder menslike bystand sy situasie te beheers.

Vanweë die eenvoudige leefwyse van ons voorouers in Suid-Afrika vanaf die vroegste ontstaansjare tot in die tydperk van verstedeliking van die Afrikaner, veral sedert die dertiger jare van ons eeu, kon die Afrikaner tot ongeveer 40 jaar gelede nie veel moeite ondervind om sy nie-gekompliseerde situasie te beheers nie. Bowendien het die harde lewe wat 'n woeste omgewing en verbete vyand aan 'n mens opdring eenvoudig die Afrikaner gedwing om op vroeë leeftyd selfstandige beslissinge te neem. Ons kan dus met redelike mate van gegrondheid beweer dat die jongmens in ons volkslewe in genoemde era vroeër vir die kwalifikasie van volwassenheid gekwalifiseer het. Hy was dus ook vroeër in staat om so 'n verantwoordelike stap as belydenisaflegging te doen. Vanweë vroeër huwelike as tans (a.g.v. vroeëre selfstandigheid) is vroeë belydenisaflegging geëis, want belydenisaflegging was konvensioneel voorwaarde by die Afrikaner vir die aangaan van die huwelik.

In ons tyd is die situasie van die mens, i.c. die jongmens, veel gekompliseerder. Die ingewikkelde samelewing stel o.a. die eis van beter kwalifikasie met 'n langer studietyd as gevolg. Die mens neem dus in ons tyd veel langer om selfstandig te word of om sy moeilike situasie te beheer. Die gevolg hiervan is dus 'n vertraagde volwassewording, 'n langer afhanklikheidsomstandigheid.

En tog het die vertraagde volwassewording nie latere belydenisaflegging tot gevolg gehad nie. Waarom? Hier het m.i. weer 'n ander faktor 'n rol gespeel, nl. die volgende: Oor die algemeen redeneer die ouer in ons tyd soos volg: Die kerk is 'n veilige hawe vir die mens. Die dooplidmaat is nog nie volle lid van die kerk nie. Hy het nie dieselfde binding aan die kerk as die belydende lidmaat nie. Die kind moet dus nie „die wêreld ingaan" (dis na matriek) voordat hy nie die volle binding van belydende lidmaat deelagtig is nie. Daarom moet hy belydenis doen voordat hy die skool na matriek verlaat. Maar nou verg die finale matriekjaar so baie tyd, aandag en energie dat daar nie veel tyd gelaat word vir katkisasie nie. Daarom moet die standerd nege-jaar die grootste „las" van kategese dra. Die gevolg? Belydenisaflegging op 16- of 17-jarige ouderdom. Die huidige situasie moet dus aan tradisie en praktiese eise toegeskrywe word.

## 3. Weerlegging van die gangbare argumente

Is dit werklik so dat binding aan die kerk losser is in die geval van dooplidmate as in die geval van belydende lidmate?

Verder: Is die tradisie wel so onverbreekbaar as wat soms gesê word? Jarelange dophouding van studente en gesprekke met hulle bring aan die lig dat 'n groot persentasie van hulle die kerk baie ongereeld besoek en weinig belangstelling vir kerklike aktiwiteite het. En nou wonder mens of kategese op hierdie ouderdom hulle nie nader aan die kerk sou hou en stywer aan die kerk sou bind nie. Daarby: Ons belewe vandag 'n tyd van anti-konvensionalisme. M.a.w. die tradisie is nie meer so 'n onverbiddelike band as vroeër nie. Die kerk sou dus heeltemal in die trant van hedendaagse tendense

optree as hy die tradisie in hierdie opsig sou breek. 'n Verandering sou dus nie so moeilik aanvaar word as wat gemeen word nie. Indien dit egter onmoontlik blyk te wees, sal die kerk oorweging moet verleen aan 'n vorm van na-kategetiese versorging van die kerkjongmense.

## 4. Die godsdiens van die kind

Ten einde te bepaal waar die belydenis op die mees sinvolle wyse ingepas kan word, is dit noodsaaklik om baie kortliks op die godsdiens van die kind, soos dit in die verskillende ouderdomme geopenbaar word, te wys.

Die ses- tot sewejarige opereer nog hoofsaaklik met die fantasie. Op hierdie ouderdom moet die kategeet hom rig op die wek van belangstelling vir die Bybelse geskiedenis en liefde tot die Here Jesus en tot God wat vir sy eie sorg. Hulle wil hoor van iemand wat hulle kan liefhê, in wie se lewe hulle intense belangstelling kan hê, soos Josef, Moses, Jesus, ens. Die ontwikkelingslyn van die Godsopenbaring maak nog geen indruk op hulle nie. Hier moet die onderwys gerig wees op die wese van die liefde tot God en tot die Here Jesus, die sorg van die Here vir die syne en sy trou. Die kinders moet toegelaat word om soveel moontlik te vertel wat hulle weet. Dit leer hulle die so noodsaaklike vermoë om te praat.

Die agt- tot tienjariges is werklikheidsfanatici. Hulle wil hulle self besig hou met gebeurtenisse in die werklikheid. Hulle wil die veelheid van dinge leer ken en vra na „iets anders". Geleidelik ontplooi ook die behoefte om die ontwikkelingslyn van dinge te sien. Hulle wil weet hoe dit gekom het en wat toe verder gebeur het. In standerds 1 en 2 is die kind uitermate geskik vir die aanleer van die Bybelse gebeurtenisse. Geleidelik moet die chronologiese verband tussen dinge gelê word sodat die kind aan die einde van st. 2 die ontwikkeling van die Bybelse geskiedenis in hoofsaak ken. Natuurlik sal dit nie bloot mededeling oor historiese werklikhede wees nie! Ook die Goddelike waarheid word aangedui. Steeds sal gewys word op God se liefde en trou, maar nou ook op sy oordeel en straf. Vanselfsprekend sal ook die werk van Christus as die Een wat gekom het om die sondes van die berouvolle sondaar weg te neem, aan die orde kom. God bly steeds die middelpunt van alle Bybelvertellings. Reeds op hierdie ouderdom moet die kind leer dat die Bybel nie interessante verhale oor mense wil bied nie, maar God wil openbaar.

Na die tiende lewensjaar begin die kind langsamerhand die puberteit betree. Nou tree die belangstelling in die sin na vore. Teen die veertiende lewensjaar het hierdie belangstelling vrywel by alle kinders deurgebreek. In hierdie standerds (3—5) kom die sin van die werklikheid en die waarheid geleidelik aan die orde. Die organiese karakter van die openbaring tree nou na vore. Die Bybelgeskiedenis is op hierdie ouderdom gesentreer om die gee van insig in die openbaringswaarheid. Waar die geleentheid hom voordoen, moet nou verwys word na die kerklike belydenis, terwyl die kategismus nou ook ingevoer word. Grondige verduideliking van vraag

sowel as antwoord is natuurlik 'n absolute vereiste.

Die kind van 9 of 10 tot ongeveer twaalf tot veertien jaar (die kind in die puerale periode) aanvaar die gesag van die opvoeder nog kritiekloos en verlang selfs sterke outoriteit! Hy sweer by die opvatting van sy vader, by die woord van sy opvoeder, mits dit stewig en sonder aarseling na hom kom. Sy kritiek op wat daarvan afwyk, is meedoënloos. Selfkritiek ken hy nog nie. Hy vra derhalwe kragtige leiding (beslis en regverdig. Die godsdienstige lewe is nog taamlik uiterlik sonder dat mens dit as vormdiens of oneg kan brandmerk en derhalwe waardeloos ag.

Hierdie periode duur vir meisies tot ongeveer 12, vir seuns tot ongeveer 14 jaar.

Wanneer meisies ongeveer die dertiende en soms ongeveer die veertiende jaar bereik, betree hulle die prepuberteit en puberteit. Aanleg en karakter, invloed van milieu en opvoeding, belangstelling, e.d. is belangrike faktore wat die psigiese lewe op hierdie ouderdom beïnvloed. Die puberteit kan dikwels sonder enige godsdienstige krisis verloop. Veral wanneer 'n godsdienstig-harmonieuse omgewing waarin die woord deur die daad, die lewe ondersteun word, die puber dra en deur hierdie gevaarlike tyd loods. So kan dit gebeur dat die geloof van die kinderjare in hierdie tyd sonder diepgaande skokke verdiep word en langsamerhand deur selfstandige geloof vervang word. Maar in 'n skommelende omgewing kan die „kindergeloof" ook in hierdie tyd maklik soos 'n baadjie uitgetrek word. Andersyds kan 'n tradisioneel godsdienstige omgewing wel ook 'n blywende voortgang in kerklike bane meebring uit utilistiese of sosiologiese motiewe, maar sonder religieuse inhoud.

In ons gekompliseerde samelewing met sy sosiale, politieke, etiese en religieuse probleme gebeur dit egter dikwels dat die puber in 'n krisis beland, soms geleidelik, waarby die kindergeloof maklik losgelaat word sonder dat die pad na 'n selfstandige geloof gevind word. Oorsake van sodanige afval kan wees: Skok a.g.v. die verkeerde voorbeeld van volwassenes, teleurgestelde magiese verwagting, intellektuele twyfel (bv. a.g.v. skynbotsing tussen Bybel en wetenskap), die dualisme tussen die eis van die geregtigheid en die skreeuende onreg in hierdie wêreld. Die kind ervaar in hierdie tyd 'n diepe smartbelewing, 'n ongekende heimwee en geweldige skuldgevoel, selfs vrees vir die sonde teen die Heilige Gees. Skynbekerings kom soms voor. In hierdie leeftyd moet die voorhou van genade van God sterk op die voorgrond in die godsdienstige opvoeding staan. Die hulp wat hom aangebied word, moet meer in die teken staan van 'n onopgesmukte luister. Daar moet gewaak word teen die „aanpraat" van 'n bepaalde standpunt.

Die puberteit word verder gekenmerk deur ongebalanseerdheid, denkbeeldige problematiek, gewetensbeswaar, romantiek en mistiek, aktivisme, protes teen dwang en beperking, verlange na leiding, eensaamheid, afgewissel met gemeensaamheid, ens. Hierdie tyd roep luid om simpatieke leiding en begrip.

Teen die sewentiende tot en met ongeveer die een-en-twintigste lewensjaar, verkeer die jongmens in die adolessensie. In hierdie tyd

word die religieuse lyne positief en negatief sterker getrek. In baie gevalle blyk die bindende kragte te gering, die ressentimente teen kerk en Christendom te kragtig, die wil om hierdie dinge te oorwin te swak of geheel en al afwesig te wees en is die bindinge aan 'n onverskillige of vyandige lewenshouding te sterk. Dan bring die adolessensietyd openlike afval mee — afval van die gesinslewe, van die godsdiens, van die kerk, ens. Veral die weggaan van die ouerhuis, wat veelal juis in hierdie tyd plaasvind, kan hierdie afvalligheid sterk in die hand werk. Die persoonlike bande waarmee hy aan die kerk gebonde was deur gereelde katkisasie, het nou plek gemaak vir 'n dikwels onpersoonlike huisbesoek eenmaal in drie maande.

'n Radikale wending van die lewe na die kerk toe op hierdie leeftyd, is natuurlik ook 'n dikwels voorkomende verskynsel. So 'n jongmens hou die band met die kerk en raak aktief in die jeugwerk. Die persoon wat tydelik afgedwaal het en in hierdie tyd na vele persoonlike stryd weer rus vind in kerk en belydenis, word 'n kragtige steunpilaar in die diens van die Here.

Religieuse volwassenheid word bereik teen ongeveer die 21e jaar, deur sommige eers by ongeveer dertig, afhangende van allerlei faktore soos aanleg, karakter, opvoeding, omgewing, beroep, gesinsvorming, ens.

Uit bostaande behoort baie duidelik te blyk dat belydenisaflegging tydens puberteit of vroeë adolessensie 'n onverantwoordelike daad kan wees. Die gebruiklike kom daarop neer dat die kind gewoonlik vroeg in sy adolessensie belydenis doen. Gedurende die adolessensie is die kind besig om 'n vaste lewens- en wêreldbeskouing te aanvaar en uit te bou. Soos sake tans staan, beteken dit dat hy in hierdie belangrike jare van sinsoeke en oriëntering m.b.t. die lewe grotendeels die aktiewe steun van die kerk ontbeer. Sou die moderne jong „sinsoekende" hippies en betogers nie baie beter daaraan toe gewees het as hulle die kerklike binding van kategese en leiding van kategete in hierdie lewenstyd kon ondervind nie? Is juis die feit dat soveel adolessente in ons tyd „sin" soek op hierdie wyse nie 'n aanklag teen die kerk wat op 'n leeftyd toe hulle daar geen begrip voor gehad het nie van hulle 'n belydenis geëis het nie? Waarom anders sou so baie jongmense dan so kort na die geloofsbelydenis tot allerlei onverantwoordelikhede verval? Gedurende meer as tien jaar van onderwysersopleiding het ek telkens ervaar dat studente, selfs in hulle vierde jaar, hulle belydenis loën. Na persoonlike gesprek blyk dan dat hulle nooit bewus was daarvan dat hulle lewenshouding in stryd met hulle belydenis is nie, bloot omdat hulle geen begrip meer het van die dinge waaroor hulle gekatkiseer is nie!

## 5. Die situasie van die moderne jongmens

Ons het reeds daarop gewys dat 'n gekompliseerde lewe vertraagde volwassewording in die kind werk. Hier word nou slegs enkele kenmerke van ons komplekse hedendaagse kultuur genoem om aan te toon dat veral ons tyd ontsettend baie struikelblokke in

die weg van die jeug lê. In hierdie sake stel die jongmens eers in sy middel- en laat-adolessente jare belang sodat hy nou meesal met hierdie probleme na i.p.v. tydens of voor belydeniskatkisasie te make kry. En wie bied dan voortdurende en volgehoue leiding? Daar word toegegee dat sake soos hierdie op die sakelys van die jeugvereniging behoort te verskyn, maar dit is m.i. te laat as hy daar daarmee vir die eerste keer kennis maak. Die sake waarna hier verwys word, is die volgende:

Onsekerheid en verwarring in 'n snel veranderende wêreld, 'n allerweegse soeke na sin, bedreiging van die mens deur tegnisisme en industrialisme, sekularisme en horisontalisme wat d.m.v. allerlei goedkoop, slapband populêre teologiese geskrifte op sy tafel beland, 'n stroom van anti-konvensionalisme en relativisme, leegte en eensaamheid, versaakliking, absurditeitskultusse, propagering van algemeenheid en neutraliteit en 'n kategoriese afwyse van die antitese, die denkbeelde van die moderne mondige mens, die geweldige probleem van kommunikasie (veral van die evangelie met die moderne mens), die gees van aanstoot teen verveligheid en verlange na entoesiasme, die dilemma waarin die „new morality" hom laat beland, die teologiese konsternasie a.g.v. spekulatiewe godsdienstige denke, skoenlapper- en geraamte-teologie, „God-is-dood"-verkondiging en die ineenstorting van tradisionele teologiese beskouinge.

## 6. Die eise wat die moderne adolessent aan die kategeet stel

Die moderne adolessent stel aan die kategeet die volgende eise:

◇ Hy moet 'n deeglike studie maak van die godsdiens van die jeug.
◇ Hy moet hom op hoogte stel van die situasie waarin die moderne jongmens hom bevind.
◇ Hy moet kennis dra van moderne tegnieke, metodiek en didaktiek ten einde die moderne kind in sy hart te raak.
◇ Hy moet hom op hoogte stel met die hedendaagse hermeneutiese kwessies ten einde die jongmens toe te rus met die regte Skrifbeskouing sodat hyself die Heilige Skrif reg sal verstaan en so sal uitlê dat sy verkeerde uitleg nie verdere struikelblokke in die weg van die reeds beswaarde jongmens lê nie.
◇ Hy sal by elke onderrigles die doel wat hy beoog nie alleen duidelik voor oë moet hou nie, maar dit só nastreef dat die sin van sy les vir die kind onmiskenbaar is.
◇ Hy moet besef dat kategese nie net feitekennis oordra nie, maar ook op eksistensiële belewing gemik moet wees.
◇ Elke ontmoeting tussen kategeet en katkisant moet opvoed tot egte verantwoordelikheid — dit word nie bereik deur naprating van die kategeet deur die katkisant nie.
◇ Die kategeet moet die katkisant lei tot selfstandige, verantwoordelike, eksistensiële beslissings, nie voorpraat, inpraat of aanpraat nie — hy moet nie die kind sy oortuiging oplê nie.
◇ Sy didaktiek moet gekenmerk word, nie deur *toe*spraak nie, maar deur samespraak — minder toespreek, meer bespreek,

moet die leuse wees.

◇ Die Bybel moet die kind aanspreek as Godsopenbaring en die geloofsleer moet nie intellektueel-abstrak en skematies aangebied word nie. Dan word die lewende geloof blote skema.

◇ Die sedeleer behoort op heersende lewensvraagstukke toe te spits: vryheid en gesag, liggaamlikheid en seksualiteit, beroep as roeping, vermaaklikheid en genotmiddels (in besonder verdowingsmiddels), sosiale ongeregtigheid, afsonderlike ontwikkeling, oorlog en vrede, wêreldgodsdienste, humanisme, kommunisme, ens.

◇ Bybelversies, kategismus en kerkgeskiedenis moet sinvol aangeleer word.

◇ Ondervraging moet nie bloot op die feite toegespits wees nie. Die vraag is: Begryp die kind die stof, peil hy die sin daarvan, het die geleerde deel van sy persoon geword, is die kind „betrokke"?

◇ Die moderne jeug soek nie na resepte en konsepte nie. Hulle laat hulle nie aansê en voorskryf nie — daarom moet die kategeet saam met hulle, nie as verhewe outoriteit bo hulle nie, maar as medemens solidêr met hulle, soek na die egte Christelike bestaanswyse.

◇ Die moderne kind worstel met die „syn" en die oorsprong daarvan. Hy soek 'n verklaring vir sonde, die toekoms van die wêreld, die mensdom en homself. Hy word oorval deur die baie dinge van die lewe van elke dag en daarom is hy geïnteresseerd in wat om hom aangaan: sy teleurstellinge, verdriet, maar ook suksesse en sy vriendskap. Die realiteite van die lewe verdring die hemel van 'n droomwêreld. Daarom moet die boodskap van die kategeet nie wees asof dit uit 'n verre wêreld kom nie; dit moet sy vensters wyd laat oopstaan vir hierdie wêreld en die konkrete situasie van die katkisant.

◇ Die moderne kind sit nie en wag om te verneem wat van hom verwag word nie. Die lewe vra reeds soveel. Soms is God vir hom so ver weg uit die gewone, konkrete lewe. Bang vir sulke nare dinge soos die hel is hy ook nie meer nie. Hy soek na die sin van dinge en raak geïrriteerd deur sinlose aktiwiteite. Die leefwêreld van die jeug, soos vertolk in hulle vrae, gee aan die moderne kategeet die opdrag om die antwoord van Christus se heilsboodskap te formuleer.

◇ Hoewel die Goddelike openbaring natuurlik in die Bybelse kategese voorop moet staan, moet die heilsboodskap daarvan saamval met die kategeet se antwoorde op die vrae van die jeug.

◇ Die Bybelonderrig mag nooit 'n algemene boodskap aan die gemiddelde kind wees nie. Daardie smekende Macedonië van Paulus se gesig in Troas was as Macedoniër herkenbaar. Hy was verteenwoordiger van mense met 'n bepaalde kultuur, beskouing, godsdiens en filosofie. Inderdaad het Paulus telkens vir die Jood Jood en vir die Grieke Griek geword.

◇ Dat die evangelie die moderne mens nie meer aanspreek nie, is grotendeels te wyte aan die feit dat die lesmetodiek of preek-

metode beantwoord aan of afgestem is op 'n verbygegane situasie. Hoewel ons die „secular meaning" wat radikaliste soos Van Buren e.a. aan die evangelie wil gee, moet verwerp, sal ons tog nie kan nalaat om ook die volle lig te laat val op die kind in sy aardse verhoudinge nie.

◇ Die kategeet moet nie net inligting verskaf nie, hy moet ook oortuig. Om dit te kan doen, moet hy self ook oortuig wees, oortuig van die waarheid van God se Woord. Hy openbaar sy oortuiging en *wek* oortuiging. Die woorde wat hy spreek, sal slegs dan die hart van die kind raak, as dit uit sy eie hart kom.

◇ Die huidige situasie het vir die verstarde kategeet nie plek nie. Hy wat net wil „oordra", sal in die moderne kind geen klankbodem vind nie. Hy was vermoeiend praat oor lewensvreemde dinge, wat uit 'n verre wêreld antwoorde verskaf op die probleme van vervloë tye, probeer tevergeefs om met die hedendaagse kind te kommunikeer. Sy aanspraak bly monoloog.

◇ Die moderne kategeet is bewoë deur die hedendaagse mens en die wêreld. Hy is gevoelig vir „de mens van nu". Hy is geboei deur die hedendaagse literatuur waarin hierdie mens hom openbaar.

◇ Hy bied nie klaargeknipte oplossings nie, hy bied homself! „Zijn spreken moet een geëngageerd spreken zijn". (Te Woerd).

◇ Die moderne kategeet bied sy les nie in die tradisionele kanseltaal aan nie, maar in doodgewone verstaanbare, alledaagse taal (hoewel nie plat straattaal nie!). Die belangrikste bly egter dat hy *iets* te sê moet hê!

## Ten slotte

As ons die jeug van die kerk vir die koninkryk van God wil sterk maak en bewapen vir die stryd wat voorhande is, sal ons ons moet beywer vir 'n kategese wat die lig van die Heilige Skrif op die volle lewe van die kind laat val.

*(Voordrag* prof. J. H. van Wyk, *predikante-saamtrek, Florida, 1970).*